aansluiting met hierdie koloniale geskiedenis word daar ook spesifiek klem gelê op bewyse van prekoloniale homoseksualiteit. Hierdie belangstelling word juis beklemtoon te midde van groeiende intoleransie in Afrika teenoor gay gemeenskappe, veral uit die oord van magtige Afrikaleiers. Homofobiese retoriek deurtrek Afrika en word gereflekteer in die sienings van verskeie leiersfigure (soos Robert Mugabe, Yoweri Museveni, Sam Nujoma, Yahya Jammeh, Jacob Zuma, en ander) dat homoseksualiteit h bourgeois, Westerse identiteit is wat deur wit setlaars op die swart bevolking afgeforseer is. Die idee dat homoseksualiteit h koloniale instelling is, word veral gepropageer deur president Mugabe – dink maar aan sy uiters kontroversiële uitspraak in 1995 waarin hy homoseksuele met varke en honde vergelyk het en aangevoer het dat hulle geen burgerlike regte in Zimbabwe het nie. Meer onlangs word hierdie sentimente ook uit ander dele van Afrika aangevoer – op die oomblik probeer David Bahati van Uganda se Nasionale Weerstandsbeweging h wet deursoer wat die doodvonnis in hierdie land sal beteken vir enigiemand wat skuldig bevind word aan homoseksuele dade. Homoseksualiteit word in hierdie opsig dikwels die sondebok gemaak vir h verskeidenheid kwessies, hetsy koloniale onderdrukking, morele onsekerheid of nasionale onstabieliteit.

Die oorgang vanaf h koloniale- tot h postkoloniale Afrika blyk uiters ingewikkeld te wees, veral wat hierdie kontinent se houding teenoor homoseksualiteit behels. Suid-Afrika is geen uitsondering nie, en die ruimte wat hierdie land skep vir die uitlief van verskillende seksualiteite is dikwels beperk, ten spyte van h uiters liberale grondwet. Homoseksualiteit word juis in postkoloniale Afrika in h baie ongemaklike posisie geplaas – aan die een kant word dit steeds as "pervers" beskou volgens die morele sisteme wat tydens kolonialisme hier ingebring is; aan die ander kant word dit as h buitelandse leefwyse uitgekryt wat oënsynlik deur

kolonialisme hier gevestig is. Volgens koloniale denksisteme is homoseksualiteit nie normaal, en dus nie Westers nie; volgens leiersfigure in Afrika is dit ook nie van hier nie – so vanwaar? Kan homoseksualiteit bloot afgemaak word as h denkwysie wat die kolonialiste saamgebring het op hul bote na Afrika? Hierdie is belangrike vrae wat op verskillende wyses aangespreek kan word – wetenskaplikes probeer byvoorbeeld om h homoseksuele geen op te spoor om hierdie identiteit ten minste in h liggaam te plaas, aangesien dit nie maklik aan h sekere omgewing of kultuur toegeskryf kan word nie.

Kweer Kwekelinge in h Postkolonie

Weens die verskeidenheid (en dikwels kontrasterende) idees wat h rol speel in ons huidige verstaan van identiteit, is dit nodig

om h ruimte te skep om hierdie idees rondom h seksuele self te bestudeer. Soortgelyke spasies is in die internasionale arena geskep deur byvoorbeeld h *queer* retoriek te gebruik om diskriminasie teen en die sensuur van verskillende seksuele identiteite te beveg. *Queer* bewegings het veral h groot rol in Amerika gespeel om die engheid rondom die samelewing se perspektief van nie-heteroseksuele identiteite aan te spreek. Watter moontlikhede kan *queer* ons egter bied om seksuele identiteit te herdink en hoe sal dit hier, op eie bodem, gebruik kan word?

Sodra *queer* as h selfstandige naamwoord direk uit Engels na Afrikaans vertaal word, bied die tweetalige woordeboek van Bosman en Hiemstra terme soos 'eksentriek', 'raar', 'twyfelagtig', 'verdag', 'oneerlik' en 'homoseksueel'



Bal en klou reeks
2010
Hout, sement en rubber

Stadsdichter wordt dromenvanger


Interview met de Gentse
stadsdichter Peter Verhelst

Aangepaste tekst van het interview verschenen in Stadsmagazine januari 2010.
Stadsmagazine digitaal: zie <http://www.gent.be/eCache/1HE/1/5/7/308.html>
Artikel: zie <http://www.gent.be/eCache/1HE/1/5/7/308.cmiV/PTETINzMyMw.html>

WOORDE: BART DESOMER



Peter Verhelst - kopiereg Dimitri Van Zeebroeck / NTGent



"Verwachting loop uit op 'n miskraam van illusie"
Glimming en Stillezing: Michael Ivy, assistent: Mia Pepler; Model: Varne van der Eijnde; Digitale versiering: Jham Latsky; Fotografie: Calvin Samuel; Woorden: Karen Kuhn

O
N

werp:

Suid-Afrika se Brood en Botter

WOORDE: LIEZEL STRAUSS

Verby is die dae van volstruiseiers, sebravelle, (te) langnek-giraffes en alleen maar Carol Boyes wat Suid-Afrikaanse kuns en ontwerp verteenwoordig. Kaapstad neem deel aan die World Capital Design Bid 2014 (Seoul en Helsinki is onderskeidelik die 2010- en 2012-wenners van hierdie gesogte bod). Ons land speel nou gasheer vir een van die wêreld se grootste ontwerpkonferensies, die Design Indaba, wat jaarliks in Kaapstad plaasvind. Die uitstap van h paar ontwerpers vroeër vanjaar by hierdie einste skou, terwyl Martha Stewart aan die woord was, besig met h arrogante 'sales pitch' in plaas van h inspirerende praatjie, het dalk meer as woorde geïllustreer hoeveel ons gegroei het. Daar is inderdaad h trots en selfversekerdheid te bespeur onder ons ontwerpers.

Ontwerp is soveel meer as mooi kussings en interessante lampe. Dit spreek sosiale, kulturele en ekonomiese aspekte aan en het h impak op elke vlak van ons lewens en ons land se identiteit. Vanuit my persoonlike perspektief, sowel as gesprekke/onderhoude met van ons suksesvolste en ons mees hoopvolle Suid-Afrikaanse ontwerpers, bepaal ons die huidige situasie van Suid-Afrikaanse ontwerp.



Heather Moore Ontwerp

Is SA ontwerp uniek, en wat maak dit anders?

Volgens Laurence Brick, kreatiewe direkteur van Loads of Living, het Suid-Afrikaanse ontwerp h siel en is dit anders as al die ingevoerde, massa-vervaardigde objekte wat mens orals in die wêreld vind. Hy sê ook: "Dit gaan alles oor tekstuur en handwerk wat ons ontwerp so uniek maak. Wanneer items handgemaak is, kan jy nooit dieselfde item reproduseer nie. Dit is hier, in die onvolmaaktheid, waar ons sterkte lê."¹

Karen Miller van KM Visuals beweer: "Ek glo dat kitsch in ons kultuur op verskillende vlakke h groot rol gespeel het en dat ons dit op h gesofistikeerde, tong-in-die-kies-manier kan gebruik om te speel met ons identiteit. Ons gebruik met kitsch ons nostalgiese verlede om te wys dat ons kan lag vir ons self en beelde van ons verlede kan herinterpreteer as iets nuuts en vars."

Ons land is jonk en ons is nog besig om ons identiteit te vorm. Die proses is opwindend en kreatief. Byron Qually, vennoot en ontwerpdirekteur van Dot Dot Dot Ex Why Zed Design (Pty) Ltd, reken dat dit in ons voordeel strek dat ons vanweë ons diversiteit aanpasbaar is en ook sosiaal en politieke dinamies is. Dit maak ons gewoon aan veranderinge en sodoende oop vir nuwe idees.

¹ Jordan, E. "Made here, but desired everywhere," www.timeslive.co.za 27 Mei 2010.

"Suid-Afrikaners het h 'can do'-houding en handgemaakte produkte sal altyd meer spesiaal wees as masjien-gemaakte items," sê Piers Mansfield-Scaddan van Fly Pitcher Designs. Haldane Martin voeg by dat dit help dat ons die vaardigheid het om klein produksielyne uit te voer.

Word SA ontwerp erken vir wat dit is?

Ek haal aan:

"Daar is geen sambreel-verteenwoordiging vir die ontwerpbedryf nie. Die verskillende ontwerpvelde word deur verskillende liggame verteenwoordig – die beste voorbeeld hiervan is die Design Indaba. Hierdie geleentheid bereik wêreldwye belangstelling en is dus h effektiewe geleentheid vir blootstelling." Sebastian van Greunen, Direkteur van 3rdface, asook stigter van find-design.co.za, Suid-Afrika se ontwerp-gids, nuus- en inligtingsportaal

"Ek dink dat sekere ontwerpers erkenning kry, beide plaaslik en internasionaal, soos Luyanda Mphahla wat die gesogte nuwe Curry Stoner-prys vir sy laekoste-behuisingsontwerp gewen het. Daar is talle plaaslike pryse wat ontwerp hier ondersteun en bevorder. Suid-Afrikaners is besig om h werklike belangstelling in plaaslike ontwerp te ontwikkel. Ek voel wel dat nog meer erkenning nodig is. Een van ons ontbrekende elemente is h kruisdissipline-ondersteuningstrategie

vir ontwerp deur die regering, maatskappye en ontwerpers. Ons moet die werk van ons topontwerpers ondersteun as h'bron vir inspirasie vir toekomstige geslagte" (Zayd Minty, koördineerder van Creative Cape Town).

"Interieur en keramiek kry die sterkste erkenning in Suid-Afrika en internasionale tydskrifte soos *Elle Décor* tap in in die inspirasie van die Suid-Afrikaanse keramiek en interieur-mark."

"Conran en Anthropology voer byvoorbeeld groot hoeveelhede keramiek in vanaf Suid-Afrika. As Suid-Afrikaners maak ons gebruik van interieur-ontwerpers meer as in die meeste ander lande. Ons het ook h' baie sterk gasvryheidmark as gevolg van toerisme. Ons het ook h' unieke versnit van die industrie en handwerk in Suid-Afrika en dit maak ons ontwerpwerk veral interessant in hierdie tyd van die postmoderne pluralisme en multikulturalisme. Ek glo ook dat die politieke transformasie ná 1994 h' invloed gehad het op die bou van h' nasie-identiteit, wat in ontwerp weerspieël word" (Haldane Maartin, meubelontwerper).

Die Design Indaba help met bewusmaking van Suid-Afrikaanse ontwerp. Netso ook plaaslike tydskrifte soos *VISI*, *Elle Décor*, *House & Leisure* en oorsese publikasies soos *Living*. Hierdie jaar was ook die begin van h' hele paar belangrike gebeurtenisse vir die bevordering van Suid-Afrikaanse ontwerp: Die Toffie-fees in die Kaap in Februarie, die DTI (Departement van Handel en Nywerheid) se projek: Mzansi en Boardmans se Welcome home-reeks wat h' versameling van Suid-Afrikaanse ontwerpprodukte verkoop.

Kreatiewe direkteur, Dirk De Waal, beweer dat die Neighbourhoodsmarket in Kaapstad, wat allerhande handgemaakte produkte (vanaf kaas tot babaklere) verkoop, tans die beste voorbeeld van Suid-Afrikaanse plaaslike produkte is. Dit oorbrug die kloof tussen massa-verbruikers en die 'trendy/cool' mark.

Dit blyk dat, ten spyte van die feit dat ons ontwerp kan kers vashou by internasionale

ontwerpers, sommige Suid-Afrikaners steeds glo dat dit wat van 'oorsee' kom, beter is. Ontwerpers word steeds meer oorsee as plaaslik waardeur. Een so kunstenaar is die geniale Outa Lapies, wat lampies uit rommelmateriaal maak en meestal in die buiteland erkenning vir sy kuns ontvang.

Het Suid-Afrika wat dit wat om een van die top ontwerperslande van die wêreld te word?

Ek haal aan:

"Ons het die Kreepy Krauly ontwerp! Ons moet voortbou op ons 'boer-maak-h'-plan'-instink om oorspronklike produkte te ontwerp eerder as replikas te skep van internasionale style" (Sebastian van Greunen).

"Aan die een kant het ons die voordeel van direkte toegang tot druk-, sny- en kleurwerk, maar aan die ander kant is die dienslewering onbevredigend. Kwaliteit is nie altyd na wense nie en kan veroorsaak dat so h' hoë ideaal nie verwesenlik word nie. Sonder goeie vervaardiging en h' fokus op kwaliteit, dink ek nie ons kan h' top ontwerpersland wees nie" (Heather Moore).

"Die immer groeiende kloof tussen ryk en arm moet aangespreek en oorbrug word – die middelklas moet ontwikkel word voor ons internasionaal kan presteer. h' Middelmark vir ontwerp moet dus ontwikkel word" (Haldane Martin).

"Suid-Afrika is reeds (sonder erkenning) deel van die top ontwerplande – produkte word plaaslik ontwerp en aan tevrede kliënte in die buiteland gelewer. Suid-Afrika kry egter nie die erkenning wanneer dit kom by die handelsmerk van die produk nie sodat produkte meermale nie as Suid-Afrikaanse ontwerp gesien word nie" (Byron Qually).

"Dit is h' groot versoek, maar my eerlike antwoord is nee. Ons akademiese instellings is nêrens in vergelyking met die res van die wêreld nie. Geen onderwysers; geen studente" (Neville Trickett).

"Suid-Afrika is reeds een van die top ontwerperslande – dit is bloot die beperkte



Meubels en produkte deur Dokter and Misses en Adriaan Hugo

Derricklaan: 'n kleurvolle kulinêre tablo

Die Sjinese inval in Suid-Afrika is verby en die Sjinese het gewen!

WOORDE: TIM SANDHAM
FOTO'S: JOHANN MYNHARDT

Daar was altyd 'n sigbare teenwoordigheid van Sjinese in die sogenaamde "Chinatown" in Commissionerstraat in Johannesburg. Maar omtrent tien jaar gelede het die voorhoede van 'n ekspedisie-mag ongemerk die land binnegesluis en hulle in Derricklaan, Cyrildene, gevestig. Vandag is dit 'n getransformeerde plek. Ou Johannesburgers voel soos uitlanders as hulle daar kom. Geslepe Johannesburgers het stilweg en met

genoegdoening hierdie kulturele inspuiting verwelkom.

Cyrildene was, (oos van Johannesburg), 'n stil, grootliks Joodse, voorstad waardeur mens gery het, oppad na die lughawe of na Eastgate winkelsentrum. Dit was so 'n veilige area dat die Joodse mamas hulle diefalarms laat loei het as sein vir die kinders om van die speelpark huiswaarts te keer. Toe die Jode weggetrek het op soek na groener weivelde noord van

Linksfeldrif, Perth of selfs Vancouver, is die leemte gevul deur Sjinese immigrante. En magtig – hoe het dinge nie verander nie!

Mao Zedong het in die 60's 'n kulturele rewolusie van stapel gestuur in Sjina. Dit was gewelddadig en was gemik om dwarstrekke in die middelklas uit te delg omdat hy hulle daarvan verdink het dat hulle kapitalisme wou herinstel. Hiervan is daar geen vrees in Derricklaan nie. Hierdie Sjinese het Suid-Afrika toe gekom, juis omdat hulle kapitalisme

plaaslike inwoners avontuurlustig kon gaan uiteet.

Oor die jare het dit dramaties verander. Nou is daar meer restaurante as ooit. Ander winkels en besighede het uit die niet verrys soos wat geboue platgeslaan is en drierdiediepinggeboue amper oornag tot stand gekom het. Een hiervan is 'n massiewe gebou in die tradisionele Sjinese styl. Daar is nou etlike supermarkte – onder andere 'Yat Kee' wat allerhande Sjinese huisgerei, kruideniersware en verbruikersitems verskaf.



omhels. Hulle het geëmigreer omdat hulle na 'n middelklas lewenstyl gesmag het. Dis gewis 'n ander soort kulturele rewolusie wat mens hier beleef, wat alles op sy kop kom keer in Johannesburg.

Derricklaan – die nuwe Chinatown – word begrens deur Marciestraat in die suide en Friedlandlaan in die noorde en beslaan twee blokke aan die oostekant en vier aan die suide. Aan beide kante was daar eens tipiese voorstedelike winkels op straatvlak met woonstelle bokant hulle. Tussenin was daar tipiese drieslaapkamerhuise. Die eerste Sjinese immigrante het die winkels inbeweeg en hulle in die woonstelle tuisgemaak. Eerstens was daar bloot 'n paar restaurante tussen die gebruikelike kafees, apteke, video- en drankwinkels. Hierdie was eetplekke – eerder as restaurante – waar nuwe immigrante bekende kos kon eet en waar

Die winkels is volgeprop met geblikte-, vars- en gedroogde kos, asook vreemde kombuisgerei wat dodelik eerder as huislik lyk.

Waar seekos vroeër op 'n daaglikse basis ingebring is, is daar nou 'n aantal viswinkels waar kratte vol lintvis, krappe, garnale en seekat soos 'n brander oor die sypaadjie spoel. Die "hawe" reuk is genoeg om jou daarheen te lei, al dan nie.

Vars groente- en vrugteverkopers maak daaglikse uitstalruimte op oop sypaadjies. Bleek lotus-wortel, groen Sjinese kool, wit winterspanpek, rooi rissies, pers eivrug en pienk rape skep 'n spontane kleurvolle kulinêre tablo.

Die Joegoe-Slawiese slagter het nog vir 'n paar jaar vasgebyt. Nou is daar egter Sjinese aan bewind. Daar is ook etlike ander slaghuise waar vleis – meestal vark – voorberei word op



maniere waaraan Westerse oë nie gewoon is nie. Wors en geroekte stukke hang langs vars snitte vleis, en vars eend- en hoenderkassie. Alles word gebruik behalwe die oink, maar, wie weet, Sjinese is vindingryke mense ... beslis iets om na uit te sien.

Haarkappers en haarsalonne is volop. Hier kan Sjinese tieners die verveling van glansende natuurlike gitswart hare verruil vir h ander kleur. Vuil oranje is die mees populêre keuse. Of miskien is dit al opsie beskikbaar totdat die houer kleurmiddels vanuit Beijing vasmeer in Durban.

Apteke verkoop nie net toonbank- en voorskryf-medisyne nie maar ook honderde

kruid-middele vanuit netjiese hout- en glasblaie. Volgens dr Judy Xu, is die kuns van die kruid-spesialis om die regte kombinasie van kruid aan te wend om h kwaal te genees. Dit wil voorkom of daar h eindelose lys kwale is wat die mensdom treiter, maar dié apteek het iets vir elkeen. Blykbaar is die versoek "Het julle iets soos h ... h kruid viagra?" van Westerlinge heel algemeen. Hulle het – en dis goedkoper ... of, so sê hulle.

Ander kulture baat ook by die Sjinese invloed. Leon van Loggerenbergh en sy Thaise vrou het h gaping gesien om h supermark wat Thai-produkte verskaf in Derricklaan te open. Baie van sy produkte oorvleuel met dié

van die Sjinese supermarkte, maar meeste is uniek. Binne-in sy winkel het hy h sub-huurder geakkommodeer wat outentieke Thaise wegneemetes verskaf. Plaaslike swart mense word in diens geneem deur die Sjinese en dien dikwels as die tussengangers tussen Engelsprekende Johannesburgers en die Mandaryn-sprekende nuwe burgers.

Reisagente het gedy, want immigrante wil immers ook huis toe gaan met vakansie. Daar's boonop die vrouens en kinders wat by die eerste voorspantroepe moet kom aansluit.

Cat Meat Bistro. Laasgenoemde is h stereotipiese grappie – daar is geen katvleis in die restaurant nie (of nog nie.) Die eetplekke wissel van redelik formeel tot baie funksioneel. In party is dit soos om in h gesin se kombuis te eet (wel h effe kort-af gesin). In elke restaurant is die kos voortreflik, die spyskaart is omvattend, die Engelse vertalings is veral interessant. Disse word gekies deur met die vinger te wys, en word dan vinnig en sonder seremonie voorberei en opgedien. Daar is hoendergeregte met kasjoeneute wat sing van geur ... (moet net nie verbaas wees as jy



Daar is ook sentra waar nuwe immigrante, volgens hulle streek kan gaan aanklop om hulp. Sjinese is gemeenskapsvas. Hulle sien na mekaar om. Daar is h Boeddhistiese tempel, die Chinatown Community Association, sowel as die veiligheidsmaatskappy Dragon Security om na geestelike, sosiale en materiële welvaart van die gemeenskap om te sien.

Tog is dit die restaurante wat in eerste instansie bekoor en Derricklaan se grootste trekpleister is. Alhoewel party restaurante glad nie name in Engels aandui nie, tower dit wonderlike beelde op: Happy Man, The Fisherman's Plate, Sun Fat, The Long Men, North's Food, Sichuan Province, Delicious Casserole en

die hoender se kam in jou bak opmerk nie!) heel visse wat reisgids-mooi op ovaal porseleinborde voorgesit word ... kombinasies speserye en groentes ... gepekelde seewier en tofu slaai wat soos h klein kunswerk op jou tafel geplaas word ... eivrugslai wat met knoffel en vlokies wortel opgekikker word. Dis kos wat lig is op die tong. Selfs al het die sjefs soms swaar hande met die olie, is die immer teenwoordige potte groen tee daar om die proeknoppiet tussen geregte te reinig. Die restaurante het meesal h groot lazy susan in die middel van ronde tafels, want maaltye is natuurlik h gemeenskaplike geleentheid. Almal deel gelyk in die oorfloed.

Wat is dit wat die eet-ervaring in Derricklaan

傳真復印

so uitsonderlik maak? Die uitheemse kosse waaraan Suid-Afrikaners gewoon geraak het – Grieks, Portugees en Italiaans – het eie aan die land geword soos wat die derde en vierde geslag Europeërs ingeburger geraak en geakkultureer het. Maar dit is nou Suid-Afrikaners van Europese afkoms wat die kos maak – en soos tipiese Suid-Afrikaners laat hulle dit meestal aan swart sjefs oor. Dieselfde geld vir die ou Chinatown, waar die afstammeling van die Sjiniese wat ingevoer is om op die myne te kom werk, gevestig is. In Derricklaan is daar nog weinig Suid-Afrikaanse invloed te bespeur. Die tradisies en metodes is nog suiwer.

Beteken Derricklaan se bloei dat Chinatown in Commissionerstraat daarmee heen is? Beslis nie. Sui Hing Hong is nog steeds die toonaangewende supermark. Sjiniese Nuwejaar word daar met oorgawe gevier. Duisende mense stroom dan na Ferreirasdorp om te eet, lanternballonne te loods, draakdanse te aanskou en h oorverdowende vuurwerkvertoning te beleef. Maar die balans het verskuif. Derricklaan is vandag die plek om te wees as jy h outentieke Sjiniese ervaring wil beleef.

DA SUNG HUNG SUPERMARKET



Erf 81:

WOORDE: LIZA GROBLER
FOTO'S: SIMONE SCHOLTZ

Fisiese adres vir teenstrydige realiteite en kreatiewe alternatiewe

"Die les wat ek onlangs geleer het, is om liefies nie h pofadder vas te hou wanneer jy jou humeur vir jou eks verloor nie. Ek't h ruk terug h pofadder hier op die plaas gevang. Ek het nie mooi opgelet tydens ons woordewisseling nie en toe pik sy my in die hand!" sê André Laubscher.

André Laubscher se bestaan op Erf 81 is h volgehoute projek maar nie een van daardie spogprojekte agter museumglas nie: h eksperimentele kunsprojek wat die gewone lewe aan die hare bysleep ... of is dit andersom? Hoe dit ook al sy, dit gaan hier om aktiewe betrokkenheid as skeppingsproses. Die skeiding tussen kuns en daaglikse voortbestaan word ten volle opgehef. Is dit nie waaroor kontemporêre kuns eintlik behoort te gaan nie?

André is h eiesoortige karakter met h groot grys baard, vriendelike oë en sterk opinies. Daar is baie staaltjies oor hom, want sy leefstyl verstorm mense. Maar dit is juis hierdie onverskrokkenheid of dwarstrekkerij wat van hom so h uitsonderlike Afrikaner maak. Erf 81, as fisiese ruimte, bestaan uit 8,4 hektaar grond aan die bopunt van Militaryweg, aan die onderkant van die gegoede woonbuurt Tamboerskloof (Kaapstad). Dit was aanvanklik die weermag se ou wapenopslagplek, wat nou dien as ateljee, plaas, skuilplek vir vlugtelingen, repetisie-ruimte vir fisieke teater en speelpark vir kinders. André woon al 15½ jaar hier. Aanvanklik het hy net pleegouer gespeel vir h klompie diere, maar kort voor lank het mense weggooikinders ook hier aangebring. Hy glo dat die

kontak met diere en die natuur die kinders se probleme uitstryk.

Hoeveel kinders is daar tans? Hy dink h oomblik na: "Sewe wat hier woon en vier wat net hier kuier vir die vakansie."

Maar waar kom hy vandaan en hoe het hy hier beland?

André het grootgeword op Klipheuwel en later in die Paarl. "Toe ek op negentien uit die army kom, wou my pa hê ek moes iets studeer, maar ek wou niks wees nie – al wat ek eintlik wou doen was om meisies te verleë! Ná ses maande het ek weggehardloop en sien toe h advertensie vir Colliers Ensiklopedieë. (Dit was h groot dag toe my pa die Afrikaanse Kinderensiklopedie huis toe gebring het en ek het dit oor die jare dikwels bestudeer.) Aanvanklik was ek heel suksesvol as verkoopsman vir hierdie ensiklopedie, wat ek goed geken het en waarin ek geglo het. Later is ek egter ontugter omdat mense geboelie is om dit te koop wanneer hul dit werklik nie kon bekostig nie. Ek is toe daar weg."

Van 1970-1982 het André by KRUIK gewerk. "Ek het gevoel ek werk in h ander land. In daardie dae was daar hope geld vir dekor. Ek het gewerk op doeke groter as vertrekke, met my kwas op die voorpunt van h stuk bamboes.

"Ek het ook h jaar en h half aan die US kuns probeer studeer. In daardie dae was die kunsfakulteit slegs h grafiese departement. Ek is gevra om maar eerder te gaan! Toe gaan werk ek weer by die Balletgeselskap se dekor-afdeling, daar waar New Cross Roads nou is. Ek is sewe keer weg by KRUIK. Die heel laaste keer omdat ek moes bome afkap vir h installasie op die verhoog vir *South Pacific*. Heeldag het ek skuldig gevoel oor die bome, en toe ek die toneel sien was ek baie ontgeloop. Het ek nou bome afgekap vir hierdie snert?!"

Interaksies in publieke ruimtes

André Laubscher en Peter van Heerden (fisieke teater-terroris) werk nou ook al sedert 2004

aan gesamentlike performance-projekte onder die naam Erf81. Hierdie kulturele-kollektief se doel is om dialoog en transformasie in ons samelewing aan te moedig. "Peter en die groep waarvan hy toe deel was – die Heel Arts Collective – was op soek na repetisieplek. Op daardie stadium was hy nog besig met sy meestersgraad. Hy het die vermoë om verbasende goed uit mense te trek. Ek versamel dinge en hy vind maniere om dit te gebruik. Ons is toe vort na Grahamstad in 2004. Sedertdien werk ons gereeld saam. Ek sal nooit saam met enige iemand anders performance kan doen nie."

Peter van Heerden se MA-tesis is getiteld *Trek: Hitchhiking on the ox-wagon of destiny*. Hy en André léëf dit en het die afgelope paar jaar laer getrek by Oudtshoorn en twee keer by Grahamstad. Die doelbewuste verwysing na die Voortrekkers, skep h platform om die identiteit van die wit man in Suid-Afrika aan te spreek: "Eers was daar die Voortrekkers, maar hulle is nou al oorlede. Toe, vir lange jare, die Draadtrekkers. Ons is Saamtrekkers ... én Dwarsttrekkers." Daarom dat hulle laertrekkerij by die kunstefeeste soveel volgehoute ontsteltenis veroorsaak: die onderwerpe is net té bekend en ongemaaklik. Elke dag het h ander tema. Familiedag fokus byvoorbeeld op Afrikaners as wêreldrekordhouers vir gesinsmoorde en hulle installeer onder meer kindergrafe by hulle kampplek langs die rivier. Die intervensies het ten doel om mense op h ingrypende wyse tot nadenking te stem. Daarmee saam tree hulle ook dan heeltyds in gesprek met die publiek om hierdie dinge informeel te bespreek. Laubscher vertel dat hul eerste saamtrek te Grahamstad elke oggend begin het met vlaghysing. "Op die eerste dag speel ons 'Die Stem' en hys die ou vlag. Werkers kom verbygestap en die een ou stap nader. Ek dink by myself: 'Hier kom nou die eerste konfrontasie.' 'Nee wat, dis mos ou nuus!' sê hy. Ons verduidelik toe die projek, en hy kom daarna elke oggend weer kyk wat aangaan. Toe ons laas weer daar was, kom dieselfde jong man

